laat toets vir TB dit kan genees WORD



Ek het TB gehad. Ek was getoets en het behandeling ontvang. Nou is ek genees.

Fikile Boyce

Wat is TB?

Tuberkulose (bekend as TB) is ’n siekte wat veroorsaak word deur ’n kiem, genoem Mycobacterium tuberculosis (MTB). TB het miljoene mense, dwarsoor die wêreld, vir duisende jare, geïnfekteer. Mense met gesonde immuunstelsels word gewoonlik nie siek van TB nie, selfs al is die kiem in hul liggame aanwesig.

Mense word siek van TB wanneer hulle liggame nie gesond genoeg is om die TB-kieme te beveg nie. Wanneer die immuunstelsel swak is, vermenigvuldig die TB-kieme. Dit word aktiewe TB genoem.

Aktiewe TB is ’n baie ernstige siekte wat jou dood kan veroorsaak.

TB word van een persoon na ’n ander oorgedra deur die lug

Die meeste aktiewe TB ontwikkel in die longe, dit word pulmonêre TB genoem. Wanneer iemand wat siek is met TB hoes of nies, word die TB-kieme in die lug vrygelaat. Die kieme kan vir ’n geruime tyd in die lug teenwoordig bly, veral wanneer die area stampvol met mense, of klam is, of die lug van ’n swak gehalte is. ’n Nabystaande persoon kan aangesteek word deur van hierdie kieme in hul longe in te asem. Die meeste van die TB-kieme bly in die longe, maar kan soms in ander dele van die liggaam groei. TB wat buite die longe groei word nie-pulmonêre TB genoem.

Suid-Afrika ondergaan ’n geweldige en dodelike epidemie

Meer persone sterf as gevolg van TB as van enige ander siekte in Suid-Afrika.

Daar is baie redes hiervoor: gebrek aan behuising, ondervoeding, alkholisme, en die agteruitgaande gesondheidssisteem almal verhoog die risiko van TB opdoen.

Maar die hoof rede hoekom TB so vinnig toeneem, is die MIV-epidemie.

MIV verswak die immuunsisteem, wat veroorsaak dat mense minder kans het om die TB-kieme af te weer. Nieteenstaande die feit dat MIV-lyers ’n hoër risiko loop, kan enigiemand siek word met TB.

Word getoets

Dis belangrik om vir TB getoets te word indien jy MIV-positief is of ’n hoes het. Die hoofsaaklikste manier om vir TB te toets, is om ’n sputummonster (’n bol slym vanuit die keel) te laat toets vir die TB-kiem by ’n mediese kliniek.

Die toets sal terugkom as “smeer negatief”of “smeer positief”.

’n Smeer positiewe toets beteken daar is ’n TB-infeksie in jou longe en jy moet onmiddellik met behandeling begin.

’n Smeer negatiewe toets beteken dat jy dalk nie TB het nie. Tog, baie MIV-positiewe persone toets smeer-negatief, maar hulle het steeds aktiewe TB.

Indien jy MIV-positief is en TB-simptome het, maar smeer-negatief toets, is daar ander toetse wat jou kliniek kan doen om te sien of jy werklik aktiewe TB het. ’n X-straal van die longe kan met die diagnose help. Jy kan ook wat hulle ’n TB-kultuurtoets noem laat doen, maar dit neem verskeie weke voor ’n resultaat beskikbaar is.

TB kan genees word

Medisyne kan TB genees. Wanneer jy TB het, is dit belangrik dat jy jou medisyne behoorlik gebruik. Indien jy voorheen behandel was, MIV het, verwagtend is of voorbehoedmiddels gebruik, moet jy dit aan jou dokter meld, aangesien jou medisyne van ander s’n mag verskil.

Simptome van TB

Pulmonêre TB (longtering)	Nie-pulmonêre TB
Hoes vir twee weke of langer	Pyn of swelling van jou maag
Ophoes van dik vloeistof of bloed	Pyn of bloed wanneer jy piepie
Koudheid, koors en nagsweet	Koors, naarheid
Verlies van gewig en eetlus	Pyne in ruggraat of gewrigte
Borspyn of probleme met asemhaal	Voortplantings probleme

Middel Weerstandige TB is ’n baie ernstige problem in Suid-Afrika. Middel weerstandigheid is wanneer ’n persoon ’n vorm van die TB-kiem inkry wat nie deur die vernaamste TB-medisynes behandelbaar is nie. Dis een van die hoof redes waarom TB so ’n groot krisis is. Dis moeilik om middel weerstandige TB te behandel, maar nie onmoontlik nie, indien

1) persone wat ’n hoë risiko loop om TB op te doen, gereeld getoets word
2) persone met aktiewe TB die korrekte medisyne gegee word
3) persone wat TB-medisyne neem, die volledige kursus voltooi.

Ons kan almal TB verhoed

Daar is eenvoudige dinge wat almal kan doen om die oordrag van TB te voorkom:

- **Laat toets vir TB** indien jy enige simptome het, veral as jy hoes of gewig verloor.
- Indien jy **MIV-positief** is, vra jou kliniek gereeld om te toets vir TB.
- **Bedek jou mond** wanneer jy nies of hoes.
- Indien iemand naby jou hoes, **draai jou kop weg en bedek jou mond**.
- Indien jy TB het, **gebruik jou medisyne behoorlik**.
- **Maak vensters oop**, veral in stampvol vetrekke en taxi’s.

TAC
TREATMENT ACTION CAMPAIGN
Tel: 021 422 1700

laat toets vir TB
dit kan genees
WORD

Afrikaans